



KAMP NAKUPHI 2018

Welkom by Nakuphi!

Die einde van die winter is 'n opwindende tyd. Dit begin weer warm te raak, die einde van die skooljaar kom in sig en dit is weer tyd om saam op Nakuphi te kamp!

Ons is al lankal reeds besig om te werk aan Nakuphi 2018 en sien uit daarna om die kamp vir die 19e keer vir Verkenners aan te bied.

Verlede jaar het ons vir die eerste keer die **Voëlidentifisering** spesialisasie aangebied wat 'n reuse sukses was. Hierdie jaar het ons besluit om dit te hernoem na die **Identifisering** kursus, want nou bied ons die **Padda- en Voëlidentifisering** spesialisasies saam aan. Die Da Gama Dam se wonderlike natuurskoon bied die perfekte geleentheid om die paddas en voëls in die omgewing te leer ken. Soos verlede jaar sluit dié opwindende kursus ook 'n daguitstappie na die Kruger Nasionale Park in! Dit is waarlik die hoogtepunt van hierdie kursus!

In 2018 bied ons ook die **Noodhulp** kursus aan waar jy jou **Noodhulp Vlak 1 en Vlak 2** kwalifikasie ontvang. Hierdie kursus se waarde strek baie verder as Die Voortrekkers en berei jou voor om makkerhulp te verleen wanneer iemand se lewe in gevaar is.

Ons gewilde **Snorkelduik** kursus vir senior Verkenners is ook wêreldklas en kursusgangers ontvang die **NAUI Scuba Passport Diver** sertifikaat as bewys van hulle nuwe vaardigheid. Maak seker dat jy vroegtydig inskryf vir hierdie kursus, want ons kan slegs 8 Verkenners toelaat.

Soos gewoonlik is ons avontuurkursusse van ons gewildste kursusse en jy moet vroegtydig inskryf om jou plek te verseker.

Daar is weer 'n bus beskikbaar vanaf Pretoria, jy kan dus lekker langs die pad saam met jou mede-Verkenners kuier tot dat jy by ons aanklop.


Ek sien uit daarna om jou op Nakuphi 2018 te ontvang en ek weet ons gaan 'n fantastiese kamp hê.

Sien jou binnekort,

Jaco van der Walt

Kampeer

jaco@nakuphi.co.za



Kampinligting

Tydperk	<i>Saterdag, 29 September 2018 om 12:00 tot Saterdag, 6 Oktober 2018 om 11:00</i>
Plek	<i>Forest Sailing Club Da Gama Dam - tussen Witrivier en Hazyview, Mpumalanga</i>
Verblyf	<i>Elke persoon is verantwoordelik vir sy eie tent</i>
Vervoer	<i>Busvervoer is beskikbaar</i>
Sluitingsdatum	<i>16 September 2018</i>

Verkennerkursusse

<i>Varswaterkunde</i>	Graad 8	Varswaterkunde Waterveiligheid	R1150-00
<i>Roeikunde</i>	Graad 9	Roeikunde, Riviere Waterveiligheid	R1200-00
<i>Identifisering</i>	Graad 9 & 10	Voëlidentifisering Padda-identifisering Waterveiligheid	R1650-00
<i>Seilkuns</i>	Graad 10 - 12	Seilkuns, Seilvernuf Waterveiligheid	R1200-00
<i>Snorkelduik *</i>	Graad 11 & 12	Snorkelduik Waterveiligheid	R1500-00
<i>Spyseniering</i>	Graad 9 - 12	Spyseniering Handwerk Waterveiligheid	R1300-00
<i>Noodhulp</i>	Graad 11 & 12	Noodhulp Gevorderde Noodhulp Waterveiligheid	R1300-00
<i>Matriekgroep</i>	Graad 12	Waterveiligheid	R600-00

* Geen asmalers of persone met hart- of longkwale nie

Volwassenes

<i>Kursusaanbieders</i>	Staatmakers, Offisiere en diensdoenende volwasselede	R600-00
<i>Meelopers</i>	Ouers en eggenote wat nie diens lewer tydens die kamp nie	R1100-00

*'n Offisierevergadering sal plaasvind op **9 September** in Pretoria. Alle volwassenes wat die jaar op Kamp Nakuphi kamp word na die vergadering uitgenooi. Meer inligting sal volg.*

Penkoppe en Drawwertjies

Slegs Penkoppe en Drawwertjies van volwassenes wat diens lewer tydens Nakuphi word toegelaat. Die Paddavissies volg hul eie program terwyl Pappa of Mamma bedrywig is op die kamp.

<i>Junior Paddavissies</i>	Voorskoolse kinders	R350-00
<i>Paddavissies</i>	Laerskool kinders	R450-00

Busdiens

Vertrek	Hoërskool Waterkloof Parkeerterrein Saterdag, 29 September 2018 07:00
Terug	Hoërskool Waterkloof Parkeerterrein Saterdag, 6 Oktober 2018 ~ 17:00
Koste	Addisionele R500-00 by inskrywingsgeld

Inskrywings

Alle inskrywings word elektronies gedoen deur <https://inskrywings.voortrekkers.co.za>

Inskrywings open Woensdag, 15 Augustus 2018 om 16:00

Bepalings en Voorwaardes

Alle gelde word direk aan Kamp Nakuphi betaal en nie aan jou Kommando nie! Instruksies oor betaling sal deurgegee word tydens die aanlyn inskrywingsproses.

Slegs 'n ouer of wettige voog mag 'n Verkenner inskryf vir Kamp Nakuphi. Geen persoon onder die ouderdom van 18 jaar mag hulself inskryf nie.

Om die hoë standaard van ons kursusse te behou word die aantal Verkenners wat ons per kursus toelaat beperk. Vermoë teleurstelling deur so gou as moontlik in te skryf vir die kursus van jou keuse.

Meer inligting in verband met die kampbenodighede en kampreëls sal deurgegee word sodra jou inskrywing ontvang en verwerk is.